LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 9/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Ingesteldheid

Die verhaal word vertel van 'n donkie wat in 'n baie diep gat geval het. Omrede die gat redelik diep was, was dit vir die boer baie moeilik om die donkie uit die gat te kry. Al sy pogings met toue en ander planne het tot niks gelei nie. Na baie gesukkel het die boer maar besluit om die gat toe te gooi, dit het ook gelyk of die donkie reeds dood is en nie meer asem haal nie. Die werkers het begin om die gat met grond te vul. Na 'n tydjie het hulle agter gekom iets gebeur onder in die gat. Wanneer die werkers die grond in die gat gegooi het, het die dankie die grond van sy rug afgeskud, dit vasgetrap en sodoende met die grond wat in die gat is uit die gat begin klim. Victor Frankl skryf die volgende: "Everything can be taken from a man but one thing: the last of the human freedoms - to choose one's attitude in any given set of circumstances, to choose one's own way. When we are no longer able to change a situation, we are challenged to change ourselves." Victor Frankl is 'n sielkundige wat die Nazi konsentrasiekampe oorleef het en hy kom tot die volgende gevolgtrekking. Ons almal bevind onsself soms in 'n gat, baie kan van ons weggeneem word, maar ons ingesteldheid is ons keuse. Waar ons hoop lê, is ons elkeen se eie keuse. Mag ons elkeen die innerlike krag vind om iets te hê waarvoor ons leef, iets wat nie altyd verganklik is nie, maar standhoudend. 'n Goeie begin, is liefde.

## Goegieland

Ons herinner u dat dit langnaweek is volgende naweek, 20 tot 23 Maart 2025. Die skool kom gewoonlik vroeër uit. Die tye vir Donderdag se uitkomtye sal vroeg volgende week bevestig word. Ons noem dit net solank sodat u vroegtydig kan reëlings tref.

Volgende noem ons weer dat verlore klere wat nie opgeëis word nie, geskenk word aan maats wat minder bevoorreg is. Klere sal uitgepak word sodat u kan sien of daar iets is wat aan u kleuter behoort voor dit geskenk word.

Uitgawe beplanning: Individuele fotodag 23 April 2025 (Gr. 00 en 000) en 24 April 2025 (Gr. 0). Ons noem hierdie uitgawe solank aan u sodat u vooruit kan beplan.

Groete uit Goegieland



## Week se Program

### 19 Maart 2025

- Leiers by Crawdaddy's

### 21 Maart 2025

- Bergfiets XCO te Middelburg

### 18 tot 20 Maart 2025

- Rugbytoer o/9 te Camp Discovery

### 20 tot 22 Maart 2025

- Atletiek SA's

### 21 tot 23 Maart 2025

- Rugbytoer o/10 tot 1stes te Camp Discovery

**Skool sluit Donderdag, 20 Maart 2025 om 12:00 vir die langnaweek**



Die Skakel!

Drama Interne Kompetisie

## Drama

Ons groepoefeninge vir die kwartaal is nou verby, maar ons wil graag begin met die individuele oefeninge voor ons interne kompetisie. Oefentye sal op die groep geplaas word. Gebruik asseblief die skakel om leerders in te skryf vir die kompetisie. Alle inskrywings fooie word deur die Payshap-link in die Google-vorm gedoen. Onthou slegs Dramaklub leerders mag inskryf en inskrywings sluit 9 April 2025.




## Markdag – Gr. 1, 4 & 5

Graad 1, 4 en 5 - Onthou om jou stalletjie te bespreek by die graadleier. Skrywe rondom die Markdag het op Donderdag, 6 Maart 2025 uitgegaan. Sluitingsdatum vir die bespreking van die stalletjies is 20 Maart 2025.

## Kosmos 3-in-1 Bergfiets

3 wedrenne, 1 epic dag! Ry. Oorwin. Herhaal. Is jy gereed om jou grense te skuif? 15 Maart 2025 - 3 wedrenne, kosstalletjies en groot pret vir die hele gesin. Registreer nou en verseker jou plek by die beste bergfietswedren. Moenie uitmis nie!

Die Skakel!

Kosmos 3-in-1

## Netbal

Op Saterdag, 8 Maart 2025, het ons netbalspanne (o/9 tot o/13) deelgeneem aan 'n vriendskaplike toernooi by Laerskool Wierdapark. Ons is ongelooflik trots op ons dogters, wat deurgaans hul sportmangees getoon het. Die spanne het wedstryde gespeel teen Tzaneen, Wierdapark en Concordia, en elke speler het haar bes gegee. 'n Groot dankie aan al die ondersteuners wat ons spanne aangemoedig het! **Vriendskaplike wedstryde te LS JJ van der Merwe.** Ons wens ons o/10- tot o/13-netbalspanne sterkte toe vir die volgende vriendskaplike toernooi, wat op Vrydag, 14 Maart 2025, by Laerskool JJ van der Merwe in Ermelo plaasvind. Ons weet julle gaan jul beste lewer en met moed en deursettingsvermoë speel!







## MP Atletiek

Baie geluk aan die volgende atlete wat op Saterdag, 8 Maart 2025 te Secunda Stadion aan die Mpumalanga Atletiekbyeenkoms deelgeneem het en podiumplekke behaal het. Baie geluk aan Charlize, Izanie en Jeandrè wat gekies is vir Mpumalanga Atletiekspan en aan SA's gaan deelneem vanaf 20 tot 22 Maart 2025 te Germiston.

**o/10**
Charlize Labuschagne - 3de 1200m

**o/12**
Jeandré Oosthuizen - 3de Diskus
- 2de Gewigstoot
CJ Meyer - 3de Spiesgooi

**o/13**
Izanie Ferguson - 1ste 800m










| 17 Mrt | 18 Mrt | 19 Mrt | 20 Mrt | 21 Mrt | 22 Mrt | 23 Mrt |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Amoré Rautenbach<br>Kacey-Bree Vermaak<br>Ronium Venter | Wihan Verwey<br>Zané Mentz<br>Lian Mitchell<br>Marisa Mouton<br>Heath Bemelman | Wilani v Rensburg | Sebastiaan Matthee<br>Luché Venter<br>Helené Theron<br>Coenraad Prinsloo | Dihan Cronjé<br>Aiden v Jaarsveld<br>Janco Cronjé<br>Hein Kruger | Divan Pretorius |

## Rugby

Uitslae vs Laerskool Secunda op 11 Maart 2025:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| o/9 | - | 14 - 17 | - | verloor |
| 2des | - | 39 - 0 | - | wen |
| o/10 | - | 29 - 19 | - | wen |
| o/11 | - | 0 - 7 | - | verloor |
| 1stes | - | 43 - 10 | - | wen |

## Rainbow Rush

Die 'countdown' het begin! Moenie soos Aspoestertjie wees en wag tot dit te laat is nie! Aan die einde van 14 Maart 2025 as die klok slaan vir middernag sluit die inskrywings! Om deel te wees van pret bring geluk in jou lewe! Moenie alleen en hartseer by die huis bly en vloere was omdat jy te laat geslaap het nie.

| | |
|---|---|
| Waar is die pret? | Laerskool Goedehoop |
| Wanneer is die pret? | 26 Maart 2025 |
| Hoe laat is die pret? | 17:15 Pret wedloop |
| | 17:30 Familie wedloop |

Hou Facebook dop, gaan lees vorige briewe of hou enige Juffrou se 'status update' dop vir die skakel. Sien jou daar!

**Die Skakel!**

**Rainbow Rush**




**Goedehoop-Groete**
**Mnr Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**

# Akademie by LS Goedehoop PRIORITEIT!

## Waarom hierdie PRESTASIES...

- IKT-klasse
- Waardegedrewe
- Remediërende Onderrig
- Verrykende werk vir die skrander kind
- Goed gekwalifiseerde onderwysers
- 2 x Leeslaboratoriums Afr., Eng. & Wisk.




**TOP 5**
5 vraestelle
**TOP 10**
12 vraestelle
**TOP 20**
17 vraestelle

17 uit 18 vraestelle **Top 20** in Suid-Afrika
Graad 1 tot 7
Afr, Eng, Wisk

**Die resultate bewys dit!**

**2002 tot 2024**

## Top 20.....2024

| AFRIKAANS | ENGELS | WISKUNDE |
|---|---|---|
| Gr. 1 - 6de | Gr. 4 - 13de | Gr. 1 - 12de |
| Gr. 2 - 9de | Gr. 5 - 9de | Gr. 2 - 5de |
| Gr. 3 - 4de | Gr. 6 - 10de | Gr. 4 - 12de |
| Gr. 4 - 13de | Gr. 7 - 4de | Gr. 5 - 9de |
| Gr. 5 - 5de | | Gr. 6 - 19de |
| Gr. 6 - 10de | Gr. 1 - 3 skryf nie Engels nie. | Gr. 7 - 10de |
| Gr. 7 - 2de | | |

LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

CONQUESTA OLIMPIADE is 'n nasionale instansie wat deur objektiewe, eksterne eksamens die akademiese standaarde van Gr. 1 tot Gr. 7 in sekere vakke bepaal. Daar is tans ±1 000 deelnemende laerskole in Suid-Afrika (Privaat en Ou Model C-skole) wat hulle akademiese standaarde meet teen ander skole.

www.laerskoolgoedehoop.co.za • www.conquestaolympiads.com

#kindersmethoop